**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

# Afrikaans Huistaal

## Graad 12 Vraestel 1

Cecilia Klopper
0828720039

**Punte:** 70
**Tyd:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

**Instruksies en inligting**

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings

   Afdeling A: Leesbegrip (30)
   Afdeling B: Opsomming (10)
   Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Lees alle instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord al die vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling
   Afdeling A: 50 minute

Afdeling B: 30 minute
Afdeling C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

**Afdeling A: Leesbegrip**
**Vraag 1**

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**Teks A: Tydskrifartikel**

## ATKV-CRESCENDO
## DIE MUSIEKREWOLUSIE

Lank voor *Idols* was daar ATKV-Crescendo. Sedert 1974 het menige Suid-Afrikaanse sangers se loopbane hier vlamgevat. Rouel Beukes, die eerste wenner, het wêreldwyd deelgeneem aan *The Phantom of the Opera.*

Daarna het sangers soos Randall Wicomb, Anneli van Rooyen, Rina Hugo en Karin Hougaard gevolg.

Deesdae is dit allermins net 'n talentsoek-kompetisie. Ook aspirant-liedjieskrywers word deesdae met nuwe vaardighede toegerus.

Meer onlangs is sangers soos Anna Davel, Jak de Priester, Innes en Franna Benade, Petronel Baard, Joe Niemand, Riana Nel en Jay se loopbane gevestig.

Innes het sy beroep tydelik opsy geskuif om saam met die ATKV te werk. Innes het gevoel die wenners se musiek moes aan 'n groter gehoor bekend gestel word as net tydens konserte. Petronel Baard vertel dat Innes Crescendo bestuur het in 1999 en hulle het die inisiatief aangepas om kunstenaars praktiese hulp te gee om bekend te word. Tydens die eerste ronde is die liedjies opgeneem en op RSG uitgesaai. Tydens die tweede ronde het elke sanger 'n musiekvideo gemaak wat op die TV-program *Geraas* uitgesaai is.

In 2002 het *Idols*, die musiekprogram, op TV begin. Jak de Priester het met sy Crescendo-prysgeld 'n CD opgeneem. Die ATKV het met hom 'n pad gestap. Hy was op die voorblad van *Taalgenoot* en het by verskeie ATKV-geleenthede opgetree.

Crescendo is in 2006 aangepas om liedjieskrywers te betrek. In 2014 is Morné van Staden aangestel om die projekte oor te neem. Onder sy leiding is die konsep van ’n algehele wenner laat vaar, en daar is slegs op die ontwikkeling van nuwe talent gekonsentreer. ’n Klomp talentvolle kunstenaars word geïdentifiseer en ontwikkel sodat hulle hul eie musiekvoetspore kan trap. Mentorskap is ’n belangrike onderdeel van die Crescendo-formaat.

Vroeë wenners soos Rouel en Karin ondersteun die nuwe formaat. Rouel erken dat hulle geen kennis van verhoogoptredes gehad het nie. Karin het op 16 ook nie geweet hoe om al die aandag wat sy skielik van die publiek af gekry het, te hanteer nie.

Petronel wat ook nou betrokke is by die nuwe mentorskapprogram, meen dat hulle deur die jare baie lesse geleer het. Sy sien dit as ’n groot voorreg om deel te wees van die evolusie van ATKV-Crescendo. Elkeen het ’n unieke stem en dit is goed dat die kompetisie-element nie meer daar is nie. Meer sangers kry nou die geleentheid om te groei en ’n loopbaan in die musiekbedryf te vestig.

Hoe werk dit?

Uitdunne word op verskillende plekke gehou. Die eerste groep kandidate woon die eerste mentorskapprogram by. Deelnemers begin om 7:00 en maak dikwels eers om 23:00 klaar. Ná vier dae word finaliste aangewys wat dan ’n volgende fase van intense opleiding ontvang. Die groep ontvang dan stemleiding en die kommersiële aspekte van musiek, byvoorbeeld radio-speeltyd, word aan hulle verduidelik.

Elke aspek van die verhoog word aan hulle verduidelik en hulle word geleer om ’n gehoor te “lees”. Hulle ontvang ook raad oor hoe om hulself as ’n handelsmerk te vestig. Die room van Suid-Afrikaanse musiektalent help om die sangers af te rond: Danie du Toit van Spoegwolf, Anna Davel, Sarah Theron, Robin Fourie en Helmut Meijer.

Sarah Theron som dit mooi op as sy verduidelik dat musiekbemagtiging is soos om ’n vaandel aan te gee aan ander sangers om ook te groei en so die gemeenskap se kultuur behoue te laat bly. Dit gaan nie net om jou as sanger se sukses nie.

Anna Davel voel dat haar lang pad met Crescendo haar aangemoedig het. Dit was vir haar ’n aanduiding dat sy op die regte pad is. Dit was ook die rede waarom sy soveel jare teruggeploeg het. Dit is vir haar lekker om ander sangers te sien uitstyg en beroemd raak. Iemand soos Jodi Jantjies wie se trefferliedjies nou dikwels op die radio gespeel word, is vir haar ’n absolute inspirasie.

Hoe word iemand soos Jodi bekend? Die ATKV het onder leiding van Robin Fourie ’n reeks Platformsessies beplan waar finaliste saam met hul mentors optree. Dié sessies is so gewild dat talle mense seisoenkaartjies hiervoor koop. Die belowende kunstenaars word boonop gehelp om ’n mini-album op te neem. Die ATKV verskaf geldelike ondersteuning, maar die sangers is self verantwoordelik vir die logistiek. In 2024 het drie kunstenaars die geleentheid gekry om mini-albums vry te stel. Naas hul eie musiek, moet hulle ook ’n lied van ’n vorige Crescendo-deelnemer opneem.

Alzanley Lizemore beskou dit as ’n groot uitdaging. Sy het “Muse” van Karin – saam met Karin – gesing. Marsha Bothma se keuse was ’n lied van wyle Christa Steyn. Selby Williams het “Deur die vallei” van Deon Meiring gekies.

Crescendo hou aan om nuwe name én klanke te skep.

**Bron:** Verwerk uit *Taalgenoot HERFS 2024*

**Teks B: Visuele teks – advertensie**

# Sluit vandag aan as ATKV-lid en kom saam op reis.

## Die ATKV is ’n tuiste vir almal ...

### Met kultuurprojekte wat ons erfenis bewaar ...



### ... musiek en toneelprojekte wat talent ontwikkel ...



### ... taalprojekte wat Afrikaans laat blom ...



**E-pos: atkv@atkv.org.za**

**WhatsApp: 0826547577**

**Tel: 011-919-9000**

**Bron:** Geïnspireer deur *Taalgenoot HERFS 2024*

**Vrae: Teks A**

| | | |
|---|---|---|
| **1.1** | Skryf die afkorting "ATKV" voluit. | 1 |
| **1.2** | Watter afleiding van die aard van die Crescendo-kompetisie maak jy uit die volgende sin? "Sedert 1974 het menige Suid-Afrikaanse sangers se loopbane hier vlamgevat." | 1 |
| **1.3** | Wie was die eerste Crescendo-wenner? | 1 |
| **1.4** | Hoe het die persoon se loopbaan daarby baat gevind dat hy/sy 'n Crescendo-wenner was? | 1 |
| **1.5** | Watter VIER OPEENVOLGENDE WOORDE dui daarop dat die Crescendo-kompetisie heeltemal verander het? | 1 |
| **1.6** | Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat daarop dui dat dié kompetisie nie onlangs gestig is nie. | 1 |
| **1.7** | Die Crescendo-kompetisie se fokus is tweërlei van aard. Verduidelik. | 2 |
| **1.8** | Hoe het die feit dat Jak de Priester Crescendo gewen het hom gebaat? | 1 |
| **1.9** | Hoe het Morné van Staden na 2014 die formaat van Crescendo verander? | 2 |
| **1.10** | Watter EEN woord in paragraaf 7 som die nuwe formaat in sy geheel op? | 1 |
| **1.11** | Wat word met die onderstreepte deel van die volgende uitdrukking bedoel?<br>"Die <u>room van Suid-Afrikaanse musiektalent</u> help om die sangers af te rond." | 1 |
| **1.12** | Hoe sien Anna Davel haar taak as mentor van nuwe sangers? | 1 |
| **1.13** | Is die volgende 'n **feit** of 'n **mening**?<br>"[M]usiekbemagtiging is soos om 'n vaandel aan te gee aan ander sangers om ook te groei en so die gemeenskap se kultuur behoue te laat bly." | 1 |
| **1.14** | Is die volgende stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord.<br>Crescendo kies steeds elke jaar 'n wenner. | 2 |
| **1.15** | Hoe help die Platformsessies die nuwe kunstenaars om bekend te raak? | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| **1.16** | Hoe ondersteun die ATKV die nuwe kunstenaars? | 1 |
| **1.17** | Is die slotparagraaf effektief binne die konteks van die leesstuk? Motiveer jou antwoord.<br>"Crescendo hou aan om nuwe name én klanke te skep." | 2 |
| **1.18** | Sou jy die titel as gepas beskou? Waarom? | 2 |
| **1.19** | Watter EEN woord in die teks sluit aan by die woord "rewolusie" in die titel? | 1 |
| **1.20** | Wat was vir Alzanley Lizemore 'n groot uitdaging? | 1 |
| **1.21** | Hoe help die media om nuwe sangers in Suid-Afrika bekend te stel? | 1 |

**Vrae: Teks B**

| | | |
|---|---|---|
| **1.22** | Wie is die teikenmark van die advertensie? | 1 |
| **1.23** | Watter afleiding maak jy uit die opskrif ten opsigte van die **doel van die advertensie?**<br>"Sluit vandag aan as ATKV-lid en kom saam op reis." | 1 |

**Vrae: Teks A en Teks B**

| | | |
|---|---|---|
| **1.24** | Noem een verskil tussen teks A en B. | 1 |
| **1.25** | Watter EEN WOORD in teks A toon 'n ooreenkoms met teks B? | 1 |

**Totaal afdeling A: 30**

**Afdeling B: Opsomming**

**Vraag 2**

Lees die stuk (teks C) hier onder en maak 'n **opsomming van sewe interessante feite oor die liedjieskrywer Koos du Plessis.**

**Let wel:**

| | |
|---|---|
| 1 | Jou opsomming moet in jou eie woorde, in duidelike volsinne en in paragraafvorm aangebied word. Dit mag nie meer as **90 woorde** wees nie. |
| 2. | Jy moet **een samehangende paragraaf** skryf. |
| 3. | Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie. |
| 4. | Dui die **aantal woorde** wat jy vir die opsomming gebruik het, onder regs aan. |

Koos du Plessis, of Koos Doep soos hy bekend was, het in sy kort lewe van 38 jaar 'n merkwaardige invloed op die Afrikaanse musiekbedryf gehad. Hy was 'n taalkenner en joernalis van beroep. Sy weduwee onthou dat hy 'n groot bewondering gehad het vir N.P. van Wyk Louw, Elizabeth Eybers, D.J. Opperman en Totius se gedigte. Die gedigte van die veertigs en vyftigs was egter nie meer so gewild by die jonger geslagte nie.

Die sêrgroep by die Universiteit van Pretoria waarvan hy deel was, het 'n groot behoefte aan nuwe liedjies gehad en so het Koos begin liedjies skryf. "Pretoria

Jakarandastad" is tydens sy studentedae geskryf. Mornay du Plessis, Koos se weduwee, onthou die liedjie "Eenvoud" waarin hy só baie met só min woorde sê. Sy beskryf sy liedjies as baie persoonlik, maar tog met universele boodskappe, omdat mens kan identifiseer met die emosies daarin.

Koos se vriend, die fliekmaker Tienie Theunissen, het 'n groot rol gespeel in Koos se sangloopbaan. In 1974 het Tienie en Koos bevriend geraak, en Koos het soms op hulle klavier gespeel. Tienie het Koos aan Nick Taylor voorgestel wat 'n pad saam met Koos geloop het, totdat hy bekend geraak het.

Tienie verwys na vier dinge wat hy van Koos Doep onthou: Hy was 'n taalkundige met 'n wonderlike kennis van die Afrikaanse taal; danksy sy werk as subredakteur by die *Oggendblad*, het hy 'n groot verwysingsraamwerk gehad; hy was 'n uitnemende joernalis; en hy het oor 'n fantastiese verbeelding beskik.

Alhoewel hy oor 'n fyn waarnemingsvermoë en 'n fantastiese taalkennis beskik het, en hy die vermoë gehad het om dit in woorde om te sit, het hy tog soms na die regte woord gesoek wanneer hy 'n lied geskryf het.

*Al is die wêreld donker,*
*al is elke pad versper,*
*ek sien 'n vér lig flonker,*
*en ek wéét dit is my ster.*

Fyn waarnemings, vernuftig verweef in ragfyn lirieke ... Sy beelde bly 'n mens by, nes sy deuntjies bly draal. Koos du Plessis, die ewige swerwer, het sy drome en versugtings neergepen in die werk wat hy geskep het. Selfs na veertig jaar bly sy musiek voortleef.

**Bron:** Verwerk uit *Taalgenoot HERFS* 2024

**Totaal afdeling B: 10**

**Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies**

**Vraag 3: Advertensie**
Bestudeer die advertensie (teks D) hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**

**TAALGENOOT**

# RUK EN RYM



**Skryf in by: www.rukenrym.co.za**

**Spotify, Veldskoen, kykNET, Sonder Ink, Steyn IP, Planet Awesome, Klyntji, Toyota Stellenbosch Woordfees**

**Vrae: Teks D**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | Wat noem ons die **klankverskynsel** in die naam van die kompetisie, naamlik Ruk en Rym? | 1 |
| **3.2** | Skryf die **afkorting** "www" voluit. | 1 |
| **3.3** | Watter stemming word deur die visuele uitbeelding oorgedra en in watter opsig ondersteun dié uitbeelding die boodskap van die advertensie? | 2 |
| **3.4** | Waarna verwys die ".co.za"? | 1 |
| **3.5** | Hoe sou jy die sin: "SKRYF IN BY" verbeter het sodat dit 'n meer manipulerende impak op die teikenmark het? | 1 |
| **3.6** | Noem een van die borge van die kompetisie. | 1 |
| **3.7** | Wat kan jy aflei ten opsigte van die aard van die kompetisie? Kies die korrekte antwoord:<br><br>A Dit is 'n kitaarkompetisie.<br>B Dit is 'n sangkompetisie.<br>C Dit is 'n sang- en musiekkompetisie.<br>D Dit is 'n dans-, musiek- en sangkompetisie. | 1 |
| **3.8** | Waarna verwys die woord "Taalgenoot"? | 1 |
| **3.10** | Sou jy sê die advertensie is suksesvol? Gee 'n rede vir jou antwoord. | 1 |
| | | **(10)** |

**Vraag 4: Strokiesprent**

Bestudeer die strokiesprent (teks E) hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**
## Strokiesprent




**Vrae: Teks E**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Wat is die funksie van die **skryfteken** in die woord “geïnspireer”? (Raampie 1) | 1 |
| **4.2** | Skryf die volgende sin oor in die **indirekte rede:**<br>“Ek is baie opgewonde om te sien waar jou musiek jou gaan heen vat.” | 1 |
| **4.3** | Benoem die **woordsoort** “kleindorpse”. (Raampie 3) | 1 |
| **4.4** | Kies die **korrekte antwoord** tussen hakies: “Beoordelaars” is ’n (samestelling / afleidende samestelling / afleiding). (Raampie 3) | 1 |
| **4.5** | Verdeel die volgende sin in ’n **hoofsin** en ’n **bysin**:<br>“Ek het maar net begin skryf oor die mense in my lewe en my siening van die lewe.” (Raampie 2) | 1 |
| **4.6** | Benoem die **woordsoort** “wat” in die volgende sin.<br>“Ja, ek plaas myself in hul skoene, soos die seun in my klas **wat** ’n operasie moes kry om sy bakore te verbeter.” (Raampie 4) | 1 |
| **4.7** | Kies die korrekte **woordsoort**: “O” in raampie 6 is ’n: | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | A Deelwoord<br>B Tussenwerpsel<br>C Voornaamwoord<br>D Voorsetsel | |
| **4.8** | Waarom is "Taalgenoot-Ruk en Rym-" met **hoofletters** geskryf? | 1 |
| **4.9** | Wat sê Magé se lyftaal vir ons in raampie 7? | 1 |
| **4.10** | Hoe verklap Jaco se gesigsuitdrukking in raampie 3 sy emosies? | 1 |
| | | **[10]** |

**Vraag 5: Tydskrifartikel**

Bestudeer teks F en beantwoord die vrae wat volg:

**Teks F:**

## MUSIEK VIR DIE GEMOED

Almero Welgemoed, sanger, liedjieskrywer en **(5.1) regisseur**, het op 18 jaar, **(5.2) nog nat agter die ore**, die **(5.3) Goudstad** aangedurf. Hy woon die afgelope 10 jaar in Melville, Johannesburg, maar trek eersdaags Mosselbaai toe. Hy en sy vrou Miné trek weg uit die **(5.4) betonoerwoud**, omdat hulle hul dogtertjie van 18 maande nie in die stad wil grootmaak nie. Hulle koester **(5.5) konneksie** en glo kwaliteittyd sal by die kus net beter wees. Hul dogtertjie is na 'n baie moeilike swangerskap met 'n noodkeiser op 38 weke gebore, **(5.6) piepklein** maar blakend gesond.

**(5.7) In die Welgemoed-huishouding word daar geskep**. Almero skilder ook graag en Miné het in haar eerste brief aan Almero 'n skets van hom ingesluit. Dié gebaar het sy hart verower. Hy is baie trots op hul kunsgevulde lewe – dit is presies wat hulle **(5.8) droom** vir hulle **huwelik** was**.** **(5.9)** Volgens hom: **"Die meeste van die pret en vervulling wat ons uit die lewe kry, (5.10) put ons uit kuns."**

**Bron:** Verwerk uit *TAALGENOOT HERFS 2026*

**Vrae: Teks F**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Skryf die **stam** van die woord "regisseur" neer. | 1 |
| **5.2** | Skryf die betekenis van die **idioom** neer: "Hy was nog nat agter die ore." | 1 |
| **5.3** | Waarom is "Goudstad" met 'n **hoofletter** geskryf? | 1 |
| **5.4** | Word die woord "betonoerwoud" **letterlik of figuurlik** bedoel? Motiveer jou antwoord. | 1 |
| **5.5** | Kies die korrekte antwoord. Die woord "konneksie" is 'n voorbeeld van 'n:<br><br>A Leenwoord<br>B Anglisisme<br>C Eiegoed<br>D Kontaminasie | 1 |
| **5.6** | Gee die **teenoorgestelde vorm** van die intensiewe vorm "piepklein". | 1 |
| **5.7** | Skryf die volgende stelling in die **bedrywende vorm** oor. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | "In die Welgemoed-huishouding word daar geskep." | |
| **5.8** | Vorm 'n **samestelling** met "droom" en "huwelik". | 1 |
| **5.9** | Skryf die volgende direkte woorde van Almero in die **indirekte rede** oor.<br><br>"Die meeste van die pret en vervulling wat ons uit die lewe kry, put ons uit kuns."<br><br>Begin so: Almero sê ________________________________________ | 1 |
| **5.10** | Skryf 'n volsin met die **homoniem** van die woord "put" sodat die betekenis duidelik blyk. | 1 |
| | | |

**Totaal afdeling C: 30**
**Groottotaal: 70**